



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *27 Februarie 2022*

Vanoggend

Skrifgedeelte: Eksodus 34:29-35

Tema: Blink jou gesig ook?

Vandag, op Verheerlikingsondag, dink ons aan die verheerliking van Christus op die berg (Luk 9:28-36). Daar het die glans van sy heerlijkheid, wat Hy as ewige Seun van God het, deur sy menslikheid gestraal. In die verhaal in Eks 34 beleef Moses ook iets daarvan. Die glans van God se heerlijkheid was só oorweldigend dat sy gesig begin blik het.



Ons Program

Vandag 27 Februarie: Verheerlikingsondag

- **Informele Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool en Kategese**
- **Deuroffer:** Jan Krielskool
- **Verversings:** Kom geniet gerus iets te drink en te ete na die erediens.

Dinsdag 1 Maart

- **Normaalklas** in die Konsistorie 18:00



Woensdag 2 Maart: Aswoensdag

- **Stilworddiens** om 18:00 in die kerk. Die kerk se Lydenstyd, waar ons fokus op Christus se lyding en sterwe, begin op Aswoensdag. Vir baie Christene is dit ook die begin van 'n vastyd van 40 dae.



Vrydag 4 Maart

- **Wêreldbiddag vir Vroue** om 9:30 in die kerk. Kom bid saam met vroue oor die wêreld heen. Die program is opgestel deur die vroue van Engeland, Wallis en Noord-Ierland. Elmiën Thom sal die boodskap bring. Daar is ook tee en verversings ná die biduur. Dankie aan Sorina Stander en haar mense daarvoor.



Sondag 6 Maart: Eerste Sondag in Lydenstyd - Nagmaal

- **Formele Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom
- **Deuroffer:** Hulp vir Sinodale Pensioenfonds

Ons Bybellees-program


- Ons lees tans die **Evangelie volgens Johannes** (vandag Joh 14).
- As jy daagliks die kort oordenking van ds Jaco oor die betrokke hoofstuk per WhatsApp wil ontvang, kontak hom of Elmiën gerus.



Só glo ons

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 10

Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlijkheid en in alles aan Hom gelyk. Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuïenisse ons as hulle met mekaar vergelyk word: Moses sê dat God die wêreld geskep het, en die heilige Johannes sê dat alle dinge



ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem. Die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het. So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En daarom sê die profeet Miga: “Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid”, en sê die apostel: “Hy is sonder begin van dae of lewenseinde”. Hy is dus ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Februarie

27 Mieke Jacobs

Maart

4 Herman Pietersen

5 Fredri Odendal

Huweliksherdenking

Februarie

27 Gerhard & Karen Venter (34j)

Maart

2 Henro & Anri Strauss (3j)

4 Dirk & Elbé Bouwer (33j)

4 Ronnie & Carol Masuret (62j)

Voorbidding

- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardigheid.
- Phillip du Plessis – Herstel by die huis ná trombose in die long.
- Anna Klok – herstel in Pasteur-hospitaal.
- Chris Mulke – Ernstig siek.
- Rina Ward – voortgaande verswakking.
- Chrilene Human - Herstel nog by die huis, ervaar nog baie pyn.



Vrouebediening

Kwartaal 1: Ragab-groep (Wyke 2, 5 & Modderrivier)

o.l.v. Mev. Sorina Stander

4 Mrt Wêreldbiddag vir Vroue

6 Mrt Nagmaal – Blomme en Nuusbrief

16 Mrt Bestuursvergadering (Bespreek basaar)

17 Mrt Skole sluit

Ten Slotte

2 Korintiërs 3:18

Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

Gebed vir Verheerlikingsondag n.a.v. Psalm 46

Christus ons Koning,
U het U beklee met ons menslike natuur
en ons verhef tot u heerlijkheid –
regeer tog vanaf u koningstroon
bokant die chaos van hierdie wêreld,
sodat almal mag sien dat U oorwin het
en op u verlossing mag vertrou;
tot verheerliking van u Naam.



Leraar: Jaco Thom 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: Madette Lombaard 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf: www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)
Kantoorure: Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening: ABSA Tjekrekening 2610580001